

# PROKUREURSEKSAMEN

## DEEL 1 HOFPROSEDURES

4 NOVEMBER 2020

09:00-12:15

Totaal: [100]

***Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 3 uur volg dan.***

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Kandidate hoef nie 'n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir 'n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

**VRAAG 1****[10]**

Mnr Walker, 'n voetganger, het gesterf as gevolg van dodelike beserings wat hy opgedoen het toe 'n Bereik Stapelaar in hom vasgery het. 'n Bereik Stapelaar is 'n toestel wat vraghouers "containers" ophys om hoog op te stapel, en word ook gebruik vir die korrekte manewering van sulke "containers" in bergingsplekke van klein terminale of medium grootte skeepshawens. Dit was gebou vir die vervoer van "containers" oor klein afstande. Bereik Stapelaars is toegerus met verlengingsarms wat daartoe instaat is om ver en hoog te verleng deur middel van hidroliese krag. Die "voertuig" het ses wiele en is toegerus met 'n tru-spieëltjie. Die betrokke Bereik Stapelaar was ook toegerus met volle padwaardige ligte wat insluit, agterligte, flikkerligte, remligte asook tru-rat ligte. Dit het ook ruitveërs en ruitwassers, 'n toeter en 'n handrem gehad.

Kan 'n Bereik Stapelaar as 'n motorvoertuig geklassifiseer word? Bespreek met spesifieke verwysing na die definisie van 'n 'motorvoertuig' in die Padongeluksfonds-wet 56 van 1996 wat die vereistes uiteensit vir 'n voertuig om geklassifiseer te word as 'n "motorvoertuig". Verwys ook na toepaslike beslissings.

**VRAAG 2****[10]**

Noem die verskillende eise vir vergoeding wat teen die Padongelukkefonds ingestel kan word en onder presies watter omstandighede?

**VRAAG 3****[4]**

Stel die sitering op van die Padongelukkefonds as Verweerder in 'n Gekombineerde Dagvaarding onder die Besonderhede van Eis.

**VRAAG 4****[1]**

Kan 'n Derde Party eis regtens gesedeer word voor ***litis contestatio***? ***Litis Contestatio*** beteken 'n siviele geding waarin omstrede kwessies besleg word deur middel van voorleggings aan 'n Landdros vir 'n ondersoek van feite en uitspraak.

**VRAAG 5****[15]**

U kliënt, James Smith, 'n boukontrakteur in Bloemfontein, Vrystaat deel u mee dat hy ernstige finansiële probleme in die gesig staar as gevolg van die resessie in die boubedryf oor die afgelope twee jaar sowel as gevolg van die COVID-19 pandemie en die inperking wat gevolg het.

Hy deel u mee dat hy nie in staat is om sy skulde te betaal nie en dat sommige van sy krediteure nou met regsstappe begin het. Hy het geen ander keuse as om sy besigheid te sluit, sy werknemers af te lê en 'n betrekking in 'n konstruksie maatskappy te aanvaar nie. Hy wil sy boedel vrywillig oorgee.

Sy oorblywende bates en laste is die volgende:

**Bates**

- |   |                |
|---|----------------|
| 1. Erf 104 Mangaung Dorpsgebied (onderhewig aan ABSA verband) | R 2 500 000-00 |
| 2. Mercedes Benz (gekoop ingevolge kredietooreenkoms)         | R 650 000-00   |
| 3. Beleggings en kontantgeld                                  | R 25 000-00    |

### **Laste**

- |   |                |
|---|----------------|
| 1. Verband oor Erf 104 Mangaung Dorpsgebied | R 3 000 000-00 |
| 2. Oortrokke bankrekening                   | R 1 000 000-00 |
| 3. Wesbank kredietooreenkoms                | R 500 000-00   |
| 4. Ontvanger van Inkomste                   | R 50 000-00    |
| 5. Kredietkaart                             | R 20 000-00    |
| 6. Ander krediteure                         | R 56 000-00    |

Beantwoord die volgende vrae gebaseer op die bovermelde feite:

- 5.1 Stel slegs die smeekbedes op d.w.s die regshulp wat u in die kennisgewing van mosie vir vrywillige oorgawe van u kliënt se boedel verlang. (2)
- 5.2 Wat is die vereistes wat die hof mag oorweeg ten einde die gevraagde bevel toe te staan? (4)
- 5.3 Stel slegs die paragrawe in die eedsverklaring op wat handel met die pos of aanhegting van die Kennisgewing van boedeloorgawe soos gepubliseer in die Staatskoerant sowel as die ter insaelegging vir inspeksie van die kennisgewing. (9)

### **VRAAG 6** **[4]**

Die Eenvormige Hofreëls reguleer die prosedure van die verskillende Provinsiale en Plaaslike afdelings van die Hoë Hof. In terme van Hofreël 43 kan 'n gade die Hof nader ten aansien van een of meer aangeleenthede. Meld in watter omstandighede Reël 43 aangewend kan word deur 'n gade in 'n huweliksaangeleentheid?

### **VRAAG 7** **[6]**

Lys enige ses essensiële aangeleenthede wat in terme van Reël 37(6) in die notule van n voorverhoor-konferensie moet verskyn.

### **VRAAG 8** **[2]**

U as prokureur ontvang opdrag van 'n kliënt om namens hom in die Strafhof te verskyn. U stel vas dat u nog nooit voor die Landdros verskyn het nie. Wat word eties van u verwag om te doen?

### **VRAAG 9** **[5]**

U moet namens 'n kliënt in die Strafhof verskyn en verkry instruksies dat u kliënt nie by die Strafhof kan wees nie weens die feit dat hy gehospitaliseer is. Wat moet u tydens die hofverrigtinge doen om u kliënt se belange te beskerm? Die kliënt is vrygelaat op borg.

**VRAAG 10****[2]**

Voortspruitend uit die vorige vraag. Gestel u is nog nie in besit van die dokter of hospitaal se brief nie. Wat staan u te doen?

**VRAAG 11****[5]**

Noem die vyf (5) gronde wat deur die Landdros in ag geneem moet word om te bepaal of dit in belang van geregtigheid is om borg toe te staan of te weier.

**VRAAG 12****[11]**

Thabo Seekoei wat 27-jaar oud is en werk as verkoopsman te Jolly Goods kom sien u as prokureur en gee vir u instruksies. Hy was die bestuurder van 'n BMW voertuig met registrasieletters en –nommers HBH 483 FS. Hy is gearresteer vir dronkbestuur op 10 April 2020 in Kerkstraat te Bloemfontein, terwyl hy die voertuig bestuur het. Sy bloed is korrek en volgens alle wetsvoorskrifte getrek, bewaar, versend en ontleed. Die dossierinhoud is deur die Staatsaanklaer aan u beskikbaar gestel.

Die Staatsaanklaer het die hoofklag van dronkbestuur opgestel en 'n alternatiewe klag van 'n te hoë bloedalkohol geformuleer. U bespreek dit met die kliënt en ontvang instruksies om skuldig te pleit op die alternatiewe klag.

Die kliënt se bloeuitslag is meer as die wetlike voorgeskrewe voorskrifte van 0.05 gram per 100 ml. Die uitslag van sy bloed alkohol konsentrasie was 0.15 gram per 100 ml.

Stel u kliënt se skuldig pleit op die alternatiewe klag op. Stel ook die kopstuk van die tersaaklike dokument op. Gebruik die feite soos hierbo vermeld.

**VRAAG 13****[7]**

Die Eiser en Verweerder was buite gemeenskap van goedere getroud. In die tussentyd is hulle geskei en woon nou apart. Die Eiser het toe sy motorvoertuig aan die Verweerder geleen, omdat die Verweerder se motorvoertuig in was vir herstelwerk. Nou weier die Verweerder om die Eiser se motorvoertuig aan hom terug te besorg. Stel die Besonderhede van Eis op vir die Eiser se Deklarasie uitgesluit die normale opskrifte en sitering van die partye.

**VRAAG 14****[10]**

14.1 Die Verweerder en Eiser het 'n kontrak aangegaan waarin die Verweerder haar *domicilium citandi et executandi* aangedui het as Broadstraat 100, Durban. Die Eiser het toe vonnis geneem teen die Verweerder net om uit te vind dat die Verweerder van adres verander het. Eiser kan haar nie opspoor nie. Die Eiser stel egter vas dat die Verweerder nog eienaar van Broadstraat 100, Durban is. Wat is die Eiser se opsies om die betekening van 'n Lasbrief van Eksekusie te laat doen?

(2)

- 14.2 Die Verweerder gee aan u 'n tjek gedateer vyf jaar gelede wat getrek was deur die Verweerder, en wat onteer is deur nie-betaling. Kan die Eiser 'n dagvaarding uitreik sonder die risiko dat die Verweerder 'n suksesvolle verweer van verjaring kan opper? (2)
- 14.3 Die Verweerder het sy motorvoertuig aan 'n werknemer geleen om mee huis toe te gaan. Die Verweerder se werknemer het toe gebots teen 'n stilstaande motorvoertuig, wat deur U kliënt besit word. Sal u aksie teen die Verweerder suksesvol wees vir die herstelkoste van die skade aan u kliënt se motorvoertuig? Brei kortliks uit. (2)
- 14.4 U kliënt wil 'n Verweerder dagvaar in die Streekshof. U kliënt se eis is vir die bedrag van R430 000.00. Op die instruksies van u kliënt abandoneer u R30 000.00. Die Landdros bevind dat u die eis vir u kliënt bewys het ten bedrae van R360 000.00. Vir welke bedrag sal u kliënt vonnis verkry? (2)
- 14.5 U kliënt dui aan en erken dat hy 'n sekere bedrag geld aan een van twee mense verskuldig is. U kliënt is egter nie seker watter een van die twee persone geregtig is op betaling nie. Beide hierdie twee persone dreig om u kliënt te dagvaar. Welke Landdroshof remedie is beskikbaar vir u kliënt? (2)

#### **VRAAG 15**

**[8]**

- 15.1 Die volgende is die besonderhede in die Eiser se Deklarasie in 'n Landdroshof Dagvaarding:

"[1] Die Eiser is J. Jones van Broadstraat 1, Durban

[2] Die Verweerder is Mathew Smith 'n minderjarige van Smithstraat 6, Durban

[3] Verweerder se motorvoertuig het gebots met die Eiser se motorvoertuig op 20 September 2020

[4] Herstelkoste van Eiser se motorvoertuig beloop R50 000.00.

Derhalwe smee die Eiser vir vonnis tot die bedrag van R50 000.00 plus rente teen 18% per jaar vanaf die 20ste September 2020 tot die datum van betaling asook koste teen 'n Prokureur en Kliënt skaal."

Lys al die foute onder hierdie Deklarasie. (5)

- 15.2 Dit word vereis van u kliënt in 'n siviele verhoor, in die Landdroshof, om die waarde van sekere huishoudelike items te bewys. U is van plan om 'n Geswore Waardeerder, as 'n deskundige te roep om die waarde van die bovermelde items te bewys. Noem vyf aspekte van bewyslewering wat U aan die hof sal voorhou, as bewys van die waarde van die items deur die getuienis van die Waardeerder. (3)

---

**- DIE EINDE -**

---